Motheo Onderwysdistrik

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

Graad 11

Vraestel 2

Junie 2015

PUNTE: 80

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik:

AFDELING A:	’n Opstel	(40 punte)
AFDELING B:	EEN lang transaksionele teks	(20 punte)
AFDELING C	EEN kort transaksionele teks	(20 punte)

2. Kies en beantwoord EEN vraag uit AFDELING A, EEN vraag uit AFDELING B en EEN vraag uit AFDELING C.

   Bestee ongeveer 60 minute aan AFDELING A en 30 minute aan elk aan AFDELING B en C.

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Punte word vir inhoud, taal en styl asook struktuur, beplanning en redigering toegeken.

6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees.

7. Dui jou beplanning deeglik aan. Trek ’n streep deur jou beplanning as jy die finale weergawe klaar oorgeskryf het.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 200-250 woorde.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die opstelonderwerp aan.

VRAAG 1

1.1

Dit sal ek van my skoolloopbaan onthou

Iets sleg/mooi/interessant/snaaks het eendag by die skool met jou gebeur.

Vertel wat met jou gebeur het.

Dink aan:

- Wat met jou gebeur het?
- Wie anders by was die keer.
- Wat het jy geleer uit dit wat met jou gebeur het.
- Waarom was die insident vir jou sleg/mooi/interessant/ snaaks?

(40)

OF

1.2

My bure



Elke mens het bure(*neighbours*) party is gaaf, ander is weer kwaai en party is raserig.

Beskryf twee of drie van jou bure.

Dink aan:

- Waar jy bly
- Wie jou bure is
- Hoe jou bure is
- Hoekom jy van jou bure hou of nie hou nie
- Interessante dinge wat jy al saam met jou bure gedoen het.

(40)

OF

1.3

Die dag toe my ouma siek geword het

Skryf ’n opstel waarin jy vertel wat die dag gebeur het toe jou ouma siek geword het.

Dink aan:

- Watter siekte jou ouma het
- Wat alles in die hospitaal gebeur het
- Hoe jy na die tyd gevoel het. (40)

OF

1.4

Ons moet burgers van ander lande respekteer

Jy is baie bekommerd oor wat die afgelope tyd in SA gebeur het met burgers van ander lande wat in SA werk.

Beskryf wat in SA gebeur het met ander burgers.Gee jou opinie hoekom jy dink dit is nie reg nie.

Dink aan:

- Wat die laaste tyd in SA gebeur het met vreemdelinge
- Wanneer en waar dit gebeur het
- Hoekom dit volgens jou nie reg is nie
- Wat se nadele dit vir SA inhou oor wat gebeur het
- Wat dink jy behoort gedoen te word om die situasie reg te stel **(40)**

1.5 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.

1.5.1

(Google images)

(40)

OF

1.5.2

[Google Images]

(40)

OF

1.5.3

[Google Images]

(40)

OF

1.5.4

[Google Images]

(40)

TOTAAL AFDELING A: **40**

EN

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die TRANSAKSIONELE TEKS moet 80-100 woorde wees.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die LANG TRANSAKSIONELE TEKS aan.

VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het saam met jou vriend/vriendin by sy/haar huis vakansie gehou.

Skryf 'n brief aan jou vriend/vriendin se ouers waarin jy hulle bedank vir die heerlike vakansie.

Dink aan die volgende

- Waar en wanneer julle gaan vakansie hou het.
- Wat julle alles gedoen het op die vakansie
- Die lekker kos wat jou vriend/vriendin se ma gemaak het
- Hoekom jy altyd die vakansie sal onthou (20)

(

OF

2.2

FORMELE BRIEF: AANSOEK OM 'N BETREKKING(JOB)

Skryf 'n brief aan die bestuurder van 'n winkel waarin jy aansoek doen vir 'n werk as 'n verkoopsassistent(*sales assistant*).

Jy kan aan die volgende dink:

- Hoekom jy vir die pos aansoek doen.
- Vertel van dinge wat jy goed doen, soos om met mense te kommunikeer, goed te verkoop, ens
- Hoekom jy dink jy die werk behoort te kry – jou kwalifikasies en ondervinding (*experience*). 20

OF

2.3 **DIALOOG**

Jy het nog altyd jou take betyds ingehandig by jou onderwysers.

Tot daardie dag toe jy jou Afrikaanse letterkundetaak by die huis vergeet het.

Skryf ’n DIALOOG tussen jou en jou Afrikaanse onderwyser/es.

Begin só:

Onderwyser/es: Thabosi, waar is jou Letterkundetaak wat jy vandag moes ingehandig het?.

Thabosi: Ek het dit by die huis vergeet, juffrou/meneer. (20)

OF

2.4 **RESENSIE**

Jy hou baie van die sangeres Rihana. Sy toer deur Suid-Afrika. Jy moet ’n resensie oor haar konsert vir ’n koerant skryf.

Skryf die resensie.

Dink aan:

- Wie Rihana is
- Wat se tipe musiek sy sing.
- Watter een van haar liedjies jy die meeste hou.
- Waar sy oral konserte gaan hou .
- Hoeveel die kaartjies kos om ’n konsert by te woon (20)

TOTAAL AFDELING B: (20)

EN

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die KORT TRANSAKSIONELE TEKS moet 50 – 80 woorde wees.

Vraag 3

3.1 **ADVERTENSIE**

Jou skool gaan ’n entrepeneursdag hou om geld in te samel vir die matriekafskeid.

Maak ’n advertensie vir die entrepeneursdag.

Hou die volgende in gedagte wanneer jy die advertensie maak:

- Wie die entrepeneursdag hou
- Waar die entrepeneursdag gehou gaan word.
- Hoekom julle die entrepeneursdag hou
- Wat alles te koop aangebied gaan word die dag.
- Hoeveel die items/kos gaan kos. (20)

LET WEL: Punte word vir inhoud en nie vir versiering toegeken nie

OF

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

BESOEK AAN DIE DIERETUIN

.

Die graad 11 Toerismeklas het ’n besoek aan die DIERETUIN in Bloemfontein gebring.

Maak ’n dagboekinskrywings oor die lekker dag by die DIERETUIN. (20)

3.3 OF

VRAAG 13: RIGTINGAANWYSINGS

Jou skool het vir Mandoza, die sanger, uitgenooi om by julle te kom sing. Jy moet Dozi verduidelik hoe hy vanaf sy hotel in President Steynstraat moet ry om by die sk se parkering uit te kom.

Volg die pyltjies op die roetekaart hieronder en gee SEWE instruksies hoe hy moet Gebruik straatname en ten minste TWEE bakens soos geboue, ensovoorts, wat h sal help om nie te verdwaal nie.

Begin so:

- Ry by die hotel se uitgang uit.
- Draai ...



(20)

TOTAAL AFDELING C: (20)
GROOTTOTAAL: (80)